# Plaaslike ekonomie groei weer

## Plaaslike ekonomiese nuus: Mei 2010

**Deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life**

Die ekonomie groei tesame met sake- en verbruikersvertroue. Die Wêreldbeker sal die ekonomie bevoordeel, hoewel verbruikers nog nie heeltemal gereed is om te bestee nie.

### Groter groei verwag

Die ekonomie het amptelik uit die resessie gekom met ‘n oortuigende groeikoers van 3.2% in die vierde kwartaal van verlede jaar. Die groeikoers vir die eerste kwartaal van 2010 wat in Mei aangekondig sal word, sal na verwagting sterker wees namate sake- en verbruikersvertroue teen ‘n agtergrond van lae rentekoerse en laer inflasie verbeter.

Namate die wêreldwye herstel momentum kry, sal die aanvraag na ons uitvoere ondanks die sterker rand toeneem en sal die vervaardigingsektor se opbrengs ‘n hupstoot kry. Die plaaslike ekonomiese prestasie is egter steeds ver van optimaal en sal waarskynlik so bly totdat die wankelrige herstel in die plaaslike aanvraag versterk. Die ekonomie sal wel baat vind by bedrywighede wat aan die Fifa Wêreldbeker™ gekoppel is – veral in die kleinhandel-, vervoer- en finansiële sektore.

### Rentekoerse sal groei ondersteun

Die SA Reserwebank is deur die Minister van Finansies versoek om sy mandaat te vergroot: pleks daarvan om uitsluitlik inflasie te teiken, moet dit ook ekonomiese groei insluit. Die besluit deur die MBK (Monetêre Beleidskomitee) om rentekoerse in Maart met 50 basispunte te verlaag, was skynbaar inderdaad om swak verbruikersbesteding ‘n hupstoot te gee, aangesien alle ander aanwysers gedui het op ‘n onveranderde beleidstandpunt.

Met dié dat kleinhandelverkope vir Februarie swakker vertoon het as wat verwag is, het talle ontleders ‘n verdere verlaging voorspel by die komende MBK-vergadering. Me Gill Marcus, goewerneur van die Reserwebank, het egter by ‘n onlangse konferensie van die Buro vir Ekonomiese Navorsing koue water hierop gegooi deur te sê “Dit is nie vanselfsprekend dat een swak kleinhandelverkope-syfer noodwendig lei tot die behoefte aan verdere verligting nie. Die jongste gegewens het wel die brose aard van die groei in verbruikersbesteding bevestig, hoewel die ruimte vir verdere verligting egter beperk is en die terugkoopkoers sal na verwagting ‘n tyd lank stabiel bly.” (Gill Marcus, 22/04/2010).

## Bestendige inflasie noodsaaklik

Die groei in VPI (verbruikersprysindeks)-inflasie is weer op koers en dit sal na verwagting vir die res van die jaar so bly. Die gemiddelde inflasiekoers vir 2010 sal waarskynlik 5.3% wees. Dit is bemoedigend dat voedselpryse ook na verwagting vir die res van die jaar laag sal bly, wat aan die besteebare inkomste van besonder lae-inkomstegroepe 'n hupstoot sal gee.

Dit is vir die Reserwebank 'n bron van kommer dat die inflasie-verwagtinge van vakbonde konsekwent bo die boonste band van die inflasie-teiken bly. Dit het uiteraard 'n uitwerking op loonooreenkomste, wat weer 'n invloed het op toekomstige inflasie. Dit is belangrik dat inflasie vir 'n beduidende periode binne die teiken-baan vertoef. Die beter vooruitsigte vir inflasie, tesame met die sterkte van die rand, het die Reserwebank in staat gestel om by sy laaste vergadering rentekoerse te verlaag. Die kanse vir 'n bestendige ekonomiese groei verbeter wanneer inflasie laag en konsekwent is. Dit skep die regte klimaat waarbinne besighede langtermyn-beplanning kan doen vir uitbreiding.

## Verbruikers betaal skuld af

Ondanks die huidige lae rentekoers en heersende lae inflasiekoers, bly die herstel van verbruiksbesteding steeds wankelrig. Dit is deels toe te skryf aan werknemers se kommer oor hul betrekkings, asook die steeds hoë skuldvlakke wat verbruikers in die gesig staar: as 'n persentasie van besteebare inkomste het huishoudelike skuld teen die einde van 2009 op 79.8% gestaan en sal dit in 2010 na verwagting rondom 'n gemiddeld van 73% bly.

Dit is bemoedigend dat verbruikers klaarblyklik die ekstra inkomste wat deur laer rentekoerse teweeggebring word, gebruik om hul skuld mee te betaal. Voorts bly die koers waarteen nuwe skuld aangegaan word, soos gemeet aan kredietverleningsyfers, geskiedkundig laag. In Suid-Afrika is huishoudelike besteding 'n funksie van algehele huishoudelike welvaart, wat konvensionele inkomste insluit, sowel as van huishoudelike bates soos eiendom en aandele. Huishoudelike welvaart (rykdom) het sover veral verbeter namate aandelepryse vir die eerste deel van hierdie jaar indrukwekkend gestyg het.

Indiensneming sal verbeter namate die ekonomie bly groei. Afleggings het waarskynlik in 2009 hul draaipunt bereik.

*"Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang."*